

## **Frizzling Fraulein vd Telgthoeve in Suid Afrika.**

Dit is vir my 'n groot voorreg om hierdie berig oor Frizzling Fraulein te skryf.

Ons woon op 'n plot net buite Pretoria, Suid Afrika.

'n Hele uitgebreide gesin, van ouma groot tot 3 agterkleinkinders. Ons kinders is volwasse en getroud en hulle woon elkeen in hulle eie kothuis. 17 jaar gelede is ons bekend gestel aan die Schnauzer ras nadat vriende vir ons 'n miniatuur schnauzer reün as geskenk gegee het.

Ons het later 'n tefie gekry en besluit dit is die ras vir ons. Omdat ons op 'n plot woon, het ek na 'n Riesenschnauzer gesoek en 'n swart teef by 'n teller in Suid Afrika gekoop. Ek moes haar 4 jaar later laat uitsit omdat sy epileptiese aanvalle gekry het in so 'n mate dat nie sy of ek dit meer kon hanteer nie. Hierdie was 'n baie slegte ondervinding. 'n Jaar later het ek op die internet begin soek na 'n giant schnauzer om in te voer. Tydens hierdie proses het ek vir die eerste keer gesien dat p/z Riesenschnauzers bestaan en my hart totaal verloor. Vir 8 maande het ek navorsing gedoen, danksy die internet en al die inligting wat daarop beskikbaar is. Ek het na webtuistes gekyk, gelees, kontak gemaak met verskeie telers in Duitsland, Poland, Rusland, en ander lande.



En toe ontdek ek vir René en Trea Kroeske en die van de Telgthoeve Riesenschnauzers. Wat 'n ondervinding!! Sy was dadelik bereid om 'n hondjie na Suid Afrika te stuur, maar ek moes wag vir die volgende werpsel. Darem net 'n maand gewag totdat die werpsel gebore is. Ek het besluit om self die invoer van die hondjie te hanteer, om kostes te bespaar. Alles het goed verloop totdat ek die vliegkaartjie moes koop om Fraulein vanaf Amsterdam na Suid Afrika te laat kom. Dit was nie moontlik om dit self te doen nie en het ek toe van agente gebruik gemaak. Hulle het gehelp dat Fraulein veilig in Suid Afrika geland het. Hierdie was vir my een van die mees bevredigendste ondervindings. Trea het haar voorberei vir die vlug deurdat sy vliegtuigklanke vir Fraulein gespeel het toe sy nog klein was. Daarom het sy nie die vlug traumaties ervaar nie.

Frizzling Fraulein is op 16 Augustus 2012 gebore as deel van 'n werpsel van 9 hondjies. Sy het op 1 November 2012 na haar nuwe tuiste in Suid Afrika gekom en al my verwagtinge oor haar en die p/s Riesenschnauzer ras is oortref.

Daar was van die eerste oomblik toe ek haar sien, 'n band tussen ons. Ons het haar huis toe gebring en sy het dadelik ingepas. Sy moes aangevoel het dat ek baie daarna uitgesien het om haar te kry. Ek het gehoor sy gaan 'n "monstertjie" wees, en tot nou toe is sy net 'n plesier. Omdat ons van die huis af werk, is sy bedags saam met ons in die kantoor. Sy het 2 honde sussies, my miniatuur schnauzer, Yodi, (9jaar oud) en 'n boerboel, Abby (7 jaar oud). Die miniatuur schnauzer reun is reeds 18maande gelede dood op 14 jarige ouderdom. Fraulein is aan ander honde bekend gestel twee weke nadat sy hier aangekom het. Ek neem haar na 'n hondeskool waar sy leer om te sosialiseer met ander mense en honde en ons het so pas begin met formele gehoorsaamheids opleiding. Sy vaar baie goed na net een les, maar ek kan sien datsy 'n sterk eie wil het.



My doel met Fraulein is om die mense in Suid Afrika bekend te stel aan die p/s Riesenschnauzer. Ons neem haar graag op uitstappies na die Boeremark op 'n Saterdag oggend of die Irene kunsmark. Dit is buitelig markte waar honde toegelaat word. Ek maak haar groot om saam met my te gaan draf, en daarom neem ek haar nou, terwyl sy nog jonk is, op daaglikse stap sessies langs die pad sodat sy gewoon kan raak aan die voertuie wat verby kom. Sy geniet dit baie en stap pragtig saam. Dit is ook vir my belangrik om haar bekend te stel aan hondeskoue, wanneer sy daarvoor gereed sal wees, en om haar te laat oplei in soveel fasette as moontlik: Snuffelwerk en aanvalswerk, sy is immers 'n werkershond. Ek wil haar blootstel aan dit wat haar intellektueel sal stimuleer sodat sy 'n gelukkige,tevrede hond sal wees.

Sy is nou 5 maande oud, reeds baie beskermend, hou van dissipline, liefde, speel en swem graag, en volg my soos 'n skaduwee. Hierdie is vir my 'n proses waarin ek die p/s Riesenschnauzer leer ken en is ek baie dankbaar vir René en Trea en dat sy nie skroom om hun kennis met my te deel nie. Ons weet nie wat die rol is wat Frizzling Fraulein van de Telgthoeve in Suid Afrika gaan speel nie. Ons mense ken die miniatuur schnauzer, hier is 'n paar standaard schnauzers en die swarte Riesenschnauzer. Tyd sal ons leer, maar my verwagting is dat wanneer mense die hond se temperament leer ken, hulle die liefde vir lewe wat hierdie honde het, aansteeklik sal vind.

Andrein Myburgh, Pretoria, Sud Afrika

